# Verneukkind en ander verhale

## Werkboek

S. Roux

L. Roux

VoorsprongBoeke

VOORSPRONG BOEKE

ISBN: 9780639950259

# INHOUDSOPGAWE


**DIE KORTVERHAAL**

1. Intrige ........ 03
2. Konflik/Botsing ........ 03
3. Karakterbeelding ........ 04
4. Vertellersperspektief ........ 05
5. Boodskap ........ 05
6. Tema ........ 05
7. Milieu ........ 05
8. Stemming ........ 06
9. Tydsverloop ........ 06
10. Wending/Ironiese wending ........ 06
11. Klimaks ........ 06
12. Afloop/Ontknoping ........ 07
13. Simboliek ........ 07

**VERHALE**

*Verneukkind* – Fanie Viljoen ........ 08
*Koning van die townships* – Rudi Daniels ........ 14
*Die geskenk* – Elsa Joubert ........ 22
*Die invloed* – Pirow Bekker ........ 27
*Padkamp* – J.M. Gilfillan ........ 33
*Bodyguards* – Anzil Kulsen ........ 39
*Die kind* – Wilna van Heerden ........ 45
*Die paradysbossie* – Marietjie Kotze ........ 53
**BRONNELYS** ........ 59


VoorsprongBoeke

# Die kortverhaal

In 'n kortverhaal gebeur daar iets met iemand of 'n aantal persone op 'n bepaalde plek en tyd. Aangesien die kortverhaal nie so lank is soos byvoorbeeld 'n roman nie, handel dit gewoonlik oor een spesifieke gebeurtenis in 'n karakter se lewe. Daar vind ook nie soveel karakterontwikkeling plaas nie – slegs sekere fasette van 'n karakter se persoonlikheid word duidelik.

Alhoewel die kortverhaal baie kompak is, moet dit tog aan die volgende vereistes voldoen:

## *Verneukkind*
**Fanie Viljoen**

### 1. Titel

Die titel "Verneukkind" kan na verskillende dinge verwys:

- Jessica was moontlik 'n buite-egtelike kind; daarom word sy 'n <u>verneukkind</u> genoem.
- <u>Verneukkind</u> kan ook daarna verwys dat Jessica se ouma vir haar jok as sy sê dat haar ma huis toe sal kom as daar sewe donderslae is. Haar ouma <u>verneuk</u> haar dus.
- Dit verwys figuurlik daarna dat Jessica deur die lewe <u>verneuk</u> (gekul) is. Sy lei 'n lewe sonder haar ma en in armoede – nie hoe sy graag sou wou lewe nie.
- Dit kan ook verwys na die feit dat Jessica telkens deur die donderweer <u>verneuk</u> word. Daar is altyd minder of meer as sewe donderslae.
- Jessica <u>verneuk</u> ook al die vroue by wie sy bedel.

### 2. Milieu

Die verhaal speel af in die Wes-Kaap en spesifiek in Elsiesrivier.

7. Donker wolke beteken vir die meeste mense naderende onheil/vrees. Vir Jessica beteken dit egter die teenoorgestelde.

Voorsprongboeke

Verduidelik die stelling.

8. Jessica is baie bygelowig en sy soek gedurig na tekens dat haar ma huis toe sal kom. Noem VIER sulke tekens.

9. Waarom, dink jy, glo Jessica nog steeds die storie van die sewe donderslae?

10. Waarom steur Jessica haar nie aan Kyle as hy sê sy is simpel om steeds hierdie storie te glo nie?

VoorsprongBoeke

25. Watter LEWENSLES het jy uit hierdie verhaal geleer?

# *Koning van die townships*
**Rudi Daniels**

## 1. Titel

Die titel van die verhaal verwys na die hoofkarakter, Jacob September (Seppie). Hy was 'n berugte bendeleier en het dus beheer oor verskillende townships gehad – die koning met ander woorde.

## 2. Milieu

Die verhaal speel af in die Wes-Kaap en hoofsaaklik in Elsiesrivier.

Daar word ook verwys na Ravensmead, Belhar en Bishop Lavis.

## 3. Karakters

**NEWEKARAKTER**
**Meneer Brydon:**
- ✓ Seppie se rekeningkunde-onderwyser;
- ✓ Hy het dikwels vir Seppie in die bresse getree.

## 4. Tydsverloop

Die VERTELTYD van hierdie kortverhaal is ongeveer 4 bladsye.

Die VERTELDE TYD is 'n hele aantal jare (vanaf Seppie se gr. 11-jaar tot en met sy dood).

Die verhaal word terugskouend vertel. Dit begin met sy begrafnis, gaan dan terug na sy gr. 11-jaar en wat daarop gevolg het tot sy dood. Dan weer sy begrafnis.

VoorsprongBoeke

**VRAE:**

1. Die eerste paragraaf van die verhaal vind in die hede plaas waarna teruggegaan word na die verlede om Seppie se storie te vertel.
Wat is die FUNKSIE hiervan?

_______________________________________________

6. Waarom is dit IRONIES dat Seppie se begrafnis ’n militêre element gehad het?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Waarom was dit nie onverwags vir meneer Brydon toe Seppie die skool in gr. 11 verlaat het nie?
Gee TWEE redes.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

17. Hoe REGVERDIG die pastoor die dinge waarby Seppie betrokke was?

VoorsprongBoeke

18. Skryf DRIE dinge neer wat op skool al ŉ aanduiding was van Seppie se leierskap.

19. Hoe het meneer Brydon telkens vir Seppie uit die moeilikheid gekry?

20. Watter belofte het Seppie aan meneer Brydon gemaak toe hy die skool verlaat?

21. Hoekom het meneer Brydon niks daarvan gedink toe daar al meer skote in die nag was nie?

22. Waarom was die vrede tussen die bendes ŉ "brose vrede"?

VoorsprongBoeke

23. Meneer Brydon was reg toe hy gedink het dat Seppie ʼn leiersrol in die gemeenskap sou vervul.
Waarom is dit IRONIES?

___

___

___

___

24. Seppie was skuldig aan roof, moord en verkragting. (par. 1, bl. 38)
Is die stelling ʼn FEIT?
Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD aan te haal.

___

___

33. Hoe sal jy reageer as jy iemand met so ʼn tatoeërmerk op sy voorkop sien?
Waarom?

___

___

___

34. Wat bedoel Seppie met die onderstreepte uitdrukking:
"ek kan maa' môre wit biene wees"? (bl. 39)

___

___

35. Dink jy meneer Brydon kon meer gedoen het om Seppie op die regte pad te help?
Motiveer jou antwoord.

___

VoorsprongBoeke

36. Waarom kan Seppie se laaste woorde in die tronk aan meneer Brydon as TRAGIES beskou word?

# *Die kind*
## Wilna van Heerden

### 1. Titel

Die titel verwys na die kind (die sewende kind van die egpaar) wat hulle vir aanneming opgee.

### 2. Milieu

Die verhaal speel af by Fancourt, Wes-Kaap.

### 3. Karakters

| **HOOFKARAKTER**<br>**Hetta Gericke**<br>7 jaar oud.<br>Oudste van 6 kinders. | | |
|---|---|---|
| **NEWEKARAKTERS** | | |
| **Hetta se ouers**<br>Hulle het 6 kinders.<br>Ma is swanger met hul sewende kind.<br>Ma ondergaan baie innerlike konflik na 'n versoek van Pa. | **Die ander 5 kinders** –Archie, Ernest, Michael, Lawrence en Sydney.<br>**Die baba** – Norman. | **Souf**<br>Die gesin se huishulp.<br>Sy is deel van die huishouding. |

**VRAE:**

1. Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi.
Skryf slegs die korrekte letter neer.

Hierdie verhaal is 'n ...
A liefdesverhaal.
B spanningsverhaal.
C karakteropenbarende verhaal.
D historiese verhaal.

___________

2. Waaruit besef die kinders dadelik dat hulle vandag baie soet moet wees?

___________________________________________________________

3. Na watter uitdrukking verwys "Kinders moet gesien word"?

___________________________________________________________

15. "Pa wil een van ons weggee. Pa wil een van ons weggee. Pa wil een van ons weggee..." (bl. 151)
Wat is die FUNKSIE van die herhaling?

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

16. Hoe sou jy voel as jy in Hetta se skoene was?

___________________________________________________________

___________________________________________________________

VoorsprongBoeke

17. Wat is die FUNKSIE van die stram atmosfeer wat in die huis heers? Bespreek VOLLEDIG.

___

___

___

18. Wat noem ons die vak matesis deesdae?

___

19. Die dominee het die oggend in die kerk gepraat oor 'n Duitse sendingpaartjie wat kinderloos is. Hy het gesê dat hy dink iemand in die gemeente moet een van hulle kinders vir dié paartjie gee. Pa het gevoel dat die dominee met hom praat.

19.1 Waarom het Pa só gevoel?

___

___

___

19.2 Dink jy dit is regverdig van Pa om so iets van Ma te verwag? Motiveer jou antwoord.

___

___

___

VoorsprongBoeke

## BRONNELYS

Faasen, Nicol (samesteller): *Verneukkind en ander verhale*, Maskew Miller Longman, 2015.

*maps.google.com*